



Ons vermeerder God se vreugde!

Nuusbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Johannes Nortier

Nuusbrief Donderdag 21 Januarie 2021

Gedagte van die week:

Wees soos 'n posseël en klou vas aan één ding totdat jy jou bestemming bereik het. (Maragaret Carty)

Vertrekpunt:

Matteus 3:13-17

Meditasie uit die teks:

Daar is in elke lewe groot en hemelse oomblikke wat bepalend is vir al die minder groot en uitdagende lewensomblieke daarna, soos jou geboortedag, jou troudag ens. In ons teks van die week staan ons stil by een van Jesus se groot hemelse oomblikke, sy doopdag. Daar sou baie woestyndae daarna volg wat Hy sou moes teruggaan na daardie oomblik, soos onder andere by Gadara toe hulle Hom weggejaag het, by Nasaret toe Hy deur sy eie mense geminag is, toe hulle Hom wynsuiper en vraat genoem het, toe Hy in Getsemane soos 'n krimineel gevange geneem is, toe Hy voor Pilatus gestaan het en die volk vir Barrabas bo Hom gekies het, soos toe Hy alleen en vriendverlate sy kruis gedra het ... ek hoor Hom in elkeen van hierdie moeilike oomblikke fluister: "Ek is gedoop, Ek is my Vader se geliefde, my Vader vind vreugde in my ..." Wanneer almal téén Hom skree en skree en skree hoor Hy sy Vader wat fluister en fluister en fluister. Hierdie week se reisgesprek is een waaraan jy baie aandag moet gee ... dit wil jou neem na daardie een grootse oomblik in jou lewe, jou doopdag, waaraan jy dalk nie genoeg aandag gee nie. As jy daardie grootse oomblik groot hou sal jy ook die Goddelike fluistering hoor wat sê: "Jy is My geliefde! In jou vind Ek vreugde!" en dan word jou kruis(e) ook draagbaar! Klou aan jou doop soos 'n posseël aan 'n brief totdat ...!

Youtubeskakel:

Ons gaan vir eers nie reisgesprekke in ons kerkgebou hou nie en dit alleenlik via Youtube doen. Hier is jou skakel na Sondag, 24 Januarie 2021, se reisgesprek. Jy sal dit ook via whatsapp ontvang as jy op die whatsappgroep is. Onthou om **ctrl** te druk, skuif die muis tot op die skakel en wanneer die pyltjie of handjie verskyn dan dubbelklik jy op die skakel met jou linkerkantse muis.

<https://youtu.be/GLAr375V8Og>

Meditasie uit die lewe:

Gisteraand spreek ek 'n jongman en sy verloofde ter huweliksvoorbereiding. Hy was lank gelede in Boland Landbouskool waar ek hom gereeld in my Dinsdag-sprekkamer gesien het. 'n Mens noem kinders soos hy "regular customers". Hy was ondeund en hy en die skoolsisteem was nie goed vir mekaar nie. Hy het swaar gedra aan sy "perfekte" ouer broers. Hier en daar is daar donker profesieë oor hom uitgespreek. Probleemkind? Ek en hy glimlag nou nog oor daardie tyd. Gisteraand sit hy op die bank saam met sy mooi verloofde. Hy vertel dat hulle verhouding gebou is op gedeelde waardes. Hy vertel dat hy in sy werksomgewing baie aandag gee aan gesonde verhoudings. Hy vertel dat hy gehoor het dat 'n mens nooit vertrou moet breek nie. Ek verkyk en verluister my na die verrassende wysheid en dink dat ek dit met julle moet deel. 'n Mens moet nooit opgee of moedverloor as jy 'n ouer (of onderwyser) is nie. Gee maar net die wortels water, want dit is tog al wat jy kan doen. Wag en kyk ... en siedaar, die boom groei tot 'n seder! Gisteraand het hierdie jongman 'n "ou" dominee se hart bly gemaak en weer lus gemaak vir die bediening. Soms voel dit mos of jy tevergeefs saai en water gee dit is nie so nie, nie as jy saam met God en Genade boer nie! Gisteraand het ek so 'n bietjie gevoel soos 'n boer wat oes! Dankbaar!!!

As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com